

# NET VIER DAE OM TE LEWE!

CHRIS OPPERMAN

# NET VIER DAE OM TE LEWE!

*deur*

**CHRIS OPPERMAN**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Net vier dae om te lewe!

Voorbladskets is verkry van 'n boek deur Charles Sale, getiteld - The Specialist (1929) en toe na Afrikaans vertaal.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting.
Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is op ware gebeure gebaseer van die skrywer se lewe. Slegs een verhaal is vertaal vanaf Engels na Afrikaans.

NET VIER DAE OM TE LEWE
deur Chris Opperman

ISBN 978-1-928498-88-9

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# DIE SKRYWER



**Christiaan Rudolph Opperman** is in 1942 te Pretoria gebore maar sy opgroei jare was in Florida, waar hy ook sy matriek te Florida Hoërskool gemaak het.
Daarna behaal hy sy BCom. Rek. graad aan die Universiteit van Pretoria en kwalifiseer ook as geoktrooieerde rekenmeester en ouditeur.
Hy was ’n kranige tennisspeler, ook ’n goeie groot geweer skut en ’n snoeker speler van formaat.
Twintig jaar lank werk hy in die finansiële gebied vir groot maatskappye in Johannesburg en Pretoria, daarna verhuis hy na Vryburg waar hy sy eie besigheid as rekenmeester en ouditeur beoefen het.
Twintig jaar lank spandeer hy op Vryburg, waar hy ook vorder tot Burgemeester. Daarna verhuis hy na Somerset Wes waar hy sy eie restaurant geopen het.
In die jaar 2000 tree hy af en bly hy tans in Gordonsbaai.
Hy is getroud met Rina van der Merwe. Hulle is nou 57 jaar saam, altwee fris en gesond en het twee kinders waarvan een oorlede is.
Ledigheid het hom die pen laat opneem en toe kom hy agter dat hy nogal ’n sekere handigheid met woorde het.
Hierdie bundel sketse handel meestal oor sy ondervindinge en gebeurtenisse wat hy in Pretoria, Vryburg en in die Kaap ervaar het.
Negentig persent daarvan is die waarheid.

## CARPE DIEM

Gryp die tyd.
Geniet jouself terwyl jy kan.

Mens het net 4 dae oor om te lewe.
Weet net nie wanneer die aftelling gaan begin nie!

# INHOUD


**VERTALINGS**

1. Houtwerk is ʼn kuns

**PRETORIA - VERHALE**

2. Snoeker het sy probleme
3. Platdak manewales

**VRYBURG - VERHALE**

4. Stoepstories
5. ʼn Ketting storie
6. Josef se storie
7. ʼn Duine besoek
8. Die Army kom kuier
9. Die Jagtog
10. ʼn Tennisklub ongeluk
11. Skoutyd op ʼn klein dorpie
12. Vliegtuig stories
13. ʼn Snoekerles

14. Ek en die politiek

**KAAP - VERHALE**

15. Die toordokter

16. ’n Fan gee moeilikheid

# ’n Vertaling

## 1. HOUTWERK IS ’N KUNS

My naam is Chrisjan en ek werk met hout.

’n Hoenderhok, ’n skuur, selfs ’n huis, die kan ek bou.

Maar duidelik in hierdie dae is spesialisasie erg nodig en ek het gesoek en gesoek en uiteindelik my spesialiteit gekry.

Buite toilette! Longdrops! Privies! - Ja, hierin kan ek spesialiseer!

Hulle is nie maklik nie, maar buurman Willem het ’n kans gewaag en my versoek om ’n driegatter vir sy agttallige familie te bou.

“Chrisjan,” seg Willem, “ek het jou werk gesien en dis goed, maar wat se waarborg gee jy? Goeie werk verdien ’n sterk waarborg, gratis en verniet.”

Ek sal jou vertel, Willem.

Faantjie bel my eendag en vertel van die probleem wat my agtgatter in sy fabriek gee. Die manne gaan sit en kom nie terug voor oortyd betalings begin het nie.

“Faantjie,” seg ek, “ek maak gou klaar met hierdie drop. ’n Plan sal ek wel hê, die waarborg staan nog.”

Op ’n geleë tyd kruip ek agter bossies weg en waarvandaan ek ’n goeie uitsig kon hê oor die bedrywighede by die gattery. En dis waar die manne kom sit en spandeer onnodige lang tye daar.

Ek kyk na die almanakke wat daar hang, die meisies het al hul klere aan en hulle is nie eens blond nie.

En toe sien ek dit! Die sitplekke pas perfek en is te gemaklik en mooi. Ek haal my growwe saag en sny die sitplekke vierkantig en maak hulle grof en siedaar, probleem opgelos. Die gemiddelde besoek duur nou net vier minute! Die waarborg is gratis aangewend!

“Kom dan en gee ’n kwotasie vir ’n driegatter,” seg Willem. Ek loop tot by sy huis en sien hulle het vriende oor vir middagete. Ek wil nie die ete pla nie, dus gaan roep ek hom by ’n syvenster.

Spoedig is ons in diep gesprek oor waar die gedoente geplaas moet word. Willem wil dit onder die appelboom hê.

“Willem,” seg ek, “appels wat op ’n privy se dak val kan ’n mens laat skrik met wie weet watse nagevolge. Selfs oor ’n mens se maag laat wonder. En kyk die paadjie hiernatoe, dis krom en glibberig in die reëntyd. Oupa, wie baie besoeke moet bring, veral in die nag, sal dit moeilik vind. Dis in elk geval die enigste oefening wat hy kry. Sê nou julle tel hom vroegoggend op, vasgeval in die modder, met sy nagvalle om sy boude, nee, dit sal nie deug nie.

Nee, meneer, maak die paadjie reguit en veral langs die brandhoutstapel verby.

Ek vertel jou hoekom. Die gemiddelde vrou gaan so vier of vyf keer per dag, en as sy vlytig is, tel sy sommer ’n paar stompies op en daar is jou kombuis vol brandhout sonder enige moeite.

En as die vrou skamerig is, veral as manne naby is, sal sy die houtstapel ’n paar keer meer besoek en siedaar, ’n kombuis vol brandhout vir ’n week!
Nou, hoe diep moet jy hom grou? Hier moet mens versigtig wees. ’n Groot gat met ’n klein privy is onooglik, maar ’n klein gat met ’n groot privy laat mens voortdurend wonder wanneer jy weer sal moet grou. Nee Willem, ek grou groot en diep en jou siel sal lank rustig bly oor verdere grouery. Dit kos natuurlik ’n bietjie meer.
Die dak, plat of staande? Ek beveel staande aan. Daardie Patrys seun van jou groei soos klitsgras en sal sy kop kort voor lank gedurig teen ’n platdak stamp. Staande is effe duurder maar darem ook mooier.
Nou die dwarsbalke, geen kansvattery hier nie, jou tant Minnie word nie ligter nie en as die balke onder haar meegee? Die gaan dan die wêreld se moeilikheid afgee!
Nee, Willem, ek beveel ysterhout aan, kos ’n bietjie meer maar sielerus is onbetaalbaar!
En die deur, geen kwaste wat uitgedruk kan word nie. Sittende van binne af kan mens tog nie daardeur uitsien nie, maar van buite af kan een inloer en daar sit jy, vasgevang, broek om jou enkels.
Bietjie duurder, maar sielerus.
En die beveiliging, ek kan ’n toutjie en krammetjie aansit, baie goedkoop, maar sê nou iemand het ’n groot nood en skop die deur sommer oop? ’n Sterk ketting en staal kram is duidelik nodig en ek sal ’n boks vir mieliestronke verniet bygooi. Jou pa sal die boks waardeer en die vrede in die huis bewaar.